




OKTOBER 2025

Familie-NUUS

LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN



DIS
MEER

GEESTELIK

AS WAT JY DINK



AANBIDDINGSLEIER

Nico Prinsloo

ONS GESIN SE REIS EN ROEPING

Ons is 'n gesin van vyf, en alhoewel een van ons nog nie kan praat nie, vorm ons saam 'n sterk en liefdevolle eenheid. Elke lid dra iets besonders by, en saam bou ons aan 'n toekoms vol hoop en geloof. Die besluit om Bloemfontein toe te trek, was 'n groot stap van geloof, maar die Here het vir alles voorsien. Sonder Sy hulp sou ons dit nooit kon doen nie. Sonder gehoorsaamheid sou ons ook nie hierdie opwindende seisoen ervaar het nie, en sou ons nie vir ons kinders 'n voorbeeld kon wees van hoe om alles neer te lê by die voete van Jesus wanneer die roeping kom nie. Elke deurbraak en nuwe geleentheid was die gevolg van Sy troue hand. Daarom getuig ons dat hierdie stap nie ons eie krag was nie, maar die Here wat die pad gelyk gemaak het – en dat ons seisoen by Lewende Woord nie toevallig is nie, maar deel is van Sy groter prentjie en Koninkryk.

Wat ons gesin saambind, is die passie om God se Koninkryk te vestig. Gebed en aanbidding speel 'n groot rol in ons huis, en dit is dikwels die plek waar ons die Here die duidelikste ervaar. Ons kinders leer saam met ons hoe dit lyk wanneer 'n mens Jesus eerste stel en jou lewe volkome aan Hom wy. Dit is ons grootste voorreg: om 'n voorbeeld vir hulle te wees en Romeine 12:1 uit te leef.

Ons glo dat ons roeping verder strek as net ons eie gesin. Bloemfontein is die beginpunt, maar die impak wat God deur ons bring, is generasioneel. Ons is 'n familie op missie – geroep om Koninkryk te vestig, gemeenskappe te verander, generasies te beïnvloed en leiers op te rig wat self weer die lig van Christus dra.

-NICO & ALTA PRINSLOO

Ek glo dat gebed werklik verandering bring. Deur die geskiedenis sien ons hoe mense, wanneer hulle saam gebid het, selfs onmoontlike situasies kon verander. As ons as 'n gemeenskap in gebed verenig, kan ons die hand van God in stede en nasies sien werk. Jesus het vir ons die volmaakte voorbeeld gestel — as Hy, die Seun van God, elke dag Sy Vader gesoek het (Luk. 5:16), hoeveel te meer behoort ons, as Sy liggaam, dit nie te doen nie?

'n Gemeenskap wat volhard in gebed, die studie van die Woord, die viering van die nagmaal en in eenheid (Hand. 2:42), sal God se wil ontdek en Sy Koninkryk op aarde beleef. Gebed is 'n daaglikse gesprek met God wat ons geestelike lewe verdiep en ons help om in lyn met Sy wil te lewe.

Gebed

VICTORY Gebedsberading

Die maklikste manier om Victory te beskryf, is om te sê dit is gebedsberading. Ons het 'n passie vir mense en ons hartsbegeerte is om elkeen te sien floreer. Elke persoon se storie is uniek, en God het 'n groot plan vir elkeen van ons.

By Victory help ons om onafgehandelde vrae, diep seer of trauma saam met jou voor die Here te bring en ook geestelike deurbraak te beleef. Ons einddoel is dat jy vrymaking,

wedergeboorte, vernuwing van jou denke en belyning met God se plan vir jou lewe sal ervaar. God se waarheid maak jou vry!

Ons koop tyd uit om saam met jou na die Here te luister, en om jou te help om self Sy stem te hoor. In hierdie proses bewerk die Here diep genesing, emosioneel, geestelik en selfs fisies. Ons sien hoe mense oor en oor getuig van deurbraak en oorwinning in Christus.

Ontmoet die Victory span



DANIEL
KRSTEIN



ELZET
KIRSTEIN



STEPHAN & LYDIA
ELLIS



BENITA
BEKKER



JEANELLE
COETZEE

As jy geestelike deurbraak soek, sukkel om trauma te hanteer, of bloot voel jy het begeleiding nodig, kontak gerus een van die spanlede of maak 'n afspraak deur die kerkkantoor.



Stephan (mans): 082 301 6626 | Lydia (vrouens): 082 491 3186 | Kerkkantoor: 051 451 9999

Ons het 'n spesiale geleentheid geskep waar vroue bymekaar kan kom en saam op 'n inspirerende reis kan wees. Ek glo dat die Here elkeen van ons gemaak het met 'n unieke plan en doel. Tog sukkel ons soms om dit raak te sien te midde van die uitdagings van die lewe.

By die Vroueselgroep gesels ons oor relevante onderwerpe wat ons help om sterker te staan in die samelewing – en nie net dit nie, ons leer ook hoe om hierdie krag en insig met ander te deel. Sluit by ons aan elke tweede Donderdag by Lewende Woord se koffiewinkel, en ervaar saam groei, inspirasie en verhouding. Onthou: Jy is vreesloos en wonderlik gemaak!

Elke 2 de Donderdag
@ Lewende Woord Coffee Shop 11:00
Kontak: Liezle Pretorius 082 500 2223



You are FEARFULLY and
WONDERFULLY made.

Vroue
SELGROEP



TIENERBEDIENING

Ons is almal bewus van die rol wat media en sosiale media in ons lewens speel. Meer as ooit tevore word ons sterk beïnvloed deur wat ons in die wêreld sien. Dikwels het media 'n negatiewe impak, maar wat as dit vir die goeie gebruik kan word? Dit was een van die hoofpunte van die kwartaal by One80.

Ons het die bekende TV-reeks *The Chosen* as basis gebruik gedurende die kwartaal. Met behulp van kort video-uittreksels kon ons onself in die dissipels se skoene plaas. Is die reeks 100% waar volgens die Bybel? Nee. Het die skrywers kreatiewe vryheid geneem in die narratief? Verseker. Maar beteken dit ons kan dit steeds gebruik as 'n middel om die evangelie te verkondig? Definitief!

-RIMMON KLOPPERS



YAM *Young Adults Ministry*

WOENSDAE
by Lewende Woord

18:00



Meeste Christene ken die storie van Jona, 'n ongehoorsame profeet wat weggehardloop het van wat God van hom verwag het. Wat baie van ons egter mis, is die volgende: Wie is die hoofkarakter van die boek? Dis maklik om te dink dis Jona, maar in werklikheid is dit God.

'n Tweede aspek waaraan ons nie altyd dink nie, is God se genade, veral vanuit 'n Ou Testament-perspektief. Die boek van Jona maak dit baie duidelik: God is die hoofkarakter, en Sy genade is groter as wat ons ooit sal besef.

Hoekom die storie van Jona? Want ons sien 'n profeet wat sy eie wil wou volg. Vanuit sy perspektief het dit gelyk of God se planne in die pad van sy planne kom.

Dit was ons groot fokus hierdie kwartaal by YAM:

Is God se planne besig om my planne omver te gooi, of is my planne in lyn met Syne?

Is God die hoofkarakter in my lewe?

-RIMMON KLOPPERS

AANDDIENS *Kamp*



Ons jong volwassenes het hulle tente gepak, stapskoene vasgemaak en die pad gevat na Meiringskloof vir 'n naweek wat ons nie sommer sal vergeet nie. Twee aande van kamp, bergklim, praise and worship, en kuier om die vuur het ons nader aan mekaar én aan die Here gebring.

Ons tema was om stil te word voor die Here, en die skepping self het ons daarin gehelp. Die asemrowende natuurskoon het die heerlijkheid van God uitgelig. Die 12,4 km staproete was uitdagend, maar dit het ons geleer van uithouvermoë, en van vriende wat mekaar dra wanneer die pad steil raak.

Die aanddienskamp was die eerste van vele. Ons sien uit na nog sulke avonture waar geloof en vriendskap hand aan hand loop; waar kerk nie net op Sondag bymekaar kom nie, maar as 'n gemeenskap in beweging saam reis.

Die volgende avontuur wag!

GETUIENIS

Van Duisternis na Lig

Ek kom uit 'n agtergrond waar ek op 'n vroeë ouderdom geen geloofsekerheid gehad het nie. Ek het betrokke geraak by verkeerde vriendinne, en is blootgestel aan verhoudings en invloede wat my identiteit begin beïnvloed het. Ek het begin twyfel oor wie ek is. Verder het ek in 'n donker pad afgedwaal wat insluit satanistiese rituele, alkoholisme en verkeerde keuses wat baie letsels gelaat het.

Een van die seerste ervarings in my lewe was toe ek by 'n kerkkamp my vriendin moes beskerm teen 'n poging tot verkrachting en toe self verkrag is. Hierdie trauma het ek lank in stilte gedra.

'n Paar jaar later het ek my man ontmoet, ons is getroud en het 'n huis in Bloemfontein opgesit. Tydens 'n latere seisoen van ons lewe is twee kindertjies in ons sorg geplaas, en een van die vereistes vir hul versorging was dat ons by 'n geloofsgemeenskap betrokke moes wees. Op daardie stadium het ek in aanraking gekom met sendelinge van Utah, wat my bekendgestel het aan die Mormoonse geloof. Ek was beïndruk met hul toewyding en het saam met my gesin by hul kerk aangesluit. Ons is ook in die Mormoonse kerk gedoop. Maar toe gebeur iets onverwags...

In Mei 2019 het 'n kliënt by my aangeklop om sy bediening as 'n nie-winsgewende organisasie te registreer. Sy naam was Charl van Saints Ministries. Vanaf die eerste ontmoeting het hy sy getuienis gedeel, hoe Jesus hom gered het uit verslawing, selfmoordpogings en 'n lewe sonder hoop. Sy woorde het diep in my gevat:

"As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." 2 Korintiërs 5:17

"Dit maak nie saak waar jy vandaan kom nie, daar is vergifnis en hoop in Jesus Christus." Daardie dag was 'n draaipunt. Ons het begin berading ontvang, en aangesluit by Christelike kerk in Bloemfontein, waar Charl bedien het. Ons het diep begin besef dat Jesus die enigste Weg, die Waarheid en die Lewe is (Joh. 14:6). Ons harte het verander.

In November 2019 het ons besluit om ons bande met die Mormoonse leer te breek. Op daardie dag het ons saam gebid, 'n bekeringsgebed en Jesus as ons Verlosser aangeneem. Ons is wedergebore! Ons is op 4 Maart 2023 in water gedoop as bevestiging van ons nuwe lewe in Christus. Daarna het ons by Lewende Woord Bloemfontein aangesluit, waar ons dissipelskapkursusse en Woordskool bygewoon het. Tans is ons aktief deel van 'n selgroep en groei ons daaglik in ons verhouding met God.

Ek deel my getuienis met een doel: Om ander te bemoedig en aan te moedig hou aan bid, hou aan hoop, en moet nooit ophou om mense van Jesus te vertel nie.

Daar is soveel mense wat Jesus nog nie ken nie. En deur ons lewens, ons liefde en ons getuienis kan ander Hom leer ken. Jesus is die Verlosser. Sy genade is genoeg maak nie saak wat jou verlede is nie.

KALENDER

OKTOBER

S M T W T F S

19 20 21 22 23 24 25

26 27 28 29 30 31



21^{ste}
DINSdag

Woordskool begin

Huweliks
naweek

22^{ste}
WOENSDag

Dissipelskap begin



31^{ste}
VRYDag

Huweliksweek met Dr Gustac
Gous
[31 OKT - 2 NOV]

NOVEMBER

S M T W T F S

1

2 3 4 5 6 7 8

9 10 11 12 13 14 15

16 17 18 19 20 21 22

DR
LEMMER

23 24 25 26 27 28 29

30

2^{de}
SONDag

Nagmaal



8^{ste}
SONDag

Redeeming Love Padel
[FONDSINSAMELING]

9^{de}
SONDag

Dr Lemmer
[OGGEND & AANDDIENS]

22^{ste}
SATERDag

Langenhovenpark Mannegebed

WEEKLIKS

MAANDAE Gebed 18:00

WOENSDAE Seniors 10:30 | YAM 18:00 | Selgroepe 19:00

DONDERDAE Seniors 10:30 | Vrouesiel / KruisMammas 11:00 |
Mannebediening 18:00

SONDAE Oggenddiens 09:00 | X Factor 09:00
| KruisKidz 09:00 | ONE80 18:00 | Aanddiens 18:00

DIE BOEK VAN

HEBREËRS

Dit was 'n absolute seën en voorreg om die Woordskool wat gehandel het oor Hebreërs te kon bywoon. Dit was die tweede Woordskool wat ek bygewoon het by Lewende Woord en ek kan sonder huiwering sê dat sover dit binne my vermoë is, ek nie 'n Woordskool in die toekoms sal misloop nie.

Met Goddelike wysheid en insig het De Villiers die konteks van die boek vers vir vers oopgebreek en kon die boodskap wat die skrywer wou tuisbring week vir week duideliker word. Dankie De Villiers vir jou as gehoorsame instrument in God se hand!!

Die boek Hebreërs is algemeen bekend as die boek van geloof, maar wat nou vir my baie meer duidelik is, is hoe lyding gelowiges beïnvloed en maak dat hulle in lyding begin wankel en opgee in hulle geloof en gryp na die verlede (wettiese praktyke) of alternatiewe, in stede daarvan om te bly vashou aan jou posisie en identiteit in God.

Hoe groei ek in my geloof? Prioritiseer jou tyd met God, koop die tyd uit. Geloof en hoop is wanneer jy in die seerste tyd van jou lewe Jesus nog steeds kan uiteleef. Hou aan vertrou, hoop, neem deel en hou aan "brood breek" saam met mede-gelowiges. Geloof behaag God. Deel jou storie, jou geloof storie is nie jou eie nie, ander baat ook daarby.

"Faith gives meaning to chaos"

Skandeer hierdie QR-kode met jou selfoonkamera om die opnames van die afgelope kwartaal se Woordskool te luister.

SCAN ME



SENIOR BEDIENING

Aftrede en die vasjas!

Die lewe vlieg verby en die gevoel van die trapmeul se tempo onder jou voete raak nie maklik stadiger nie. Op 'n dag hardloop jy jou vas in 'n padteken wat lees: "AFTREDE."

Almal koek en tee, en dan kom die eerste dag van daardie seisoen waarvoor 'n mens nie kon wag nie. Ek lees 'n artikel van Farley Ledgerwood; hy trek die gordyn so 'n bietjie weg en deel 'n paar realiteite wat hard klop aan die lewens deur.

Jou eerste Maandag bring 'n ongekende, eindelose en onbepaalde vryheid! (Amper soos 'n tiener wat sy bestuurderslisensie gekry het.) Die kalender is, na baie jare, afgedank en kan nie meer jou lewe dikteer nie. Sperdatums, vergaderings, krisisse, dis nou soos mis voor die son. Die hond geniet nou meer gereelde uitstappies, die vrag versamelde video's van projekte is amper klaar gekyk, die lys van los takies (in en om die huis) is gekreukel en voluit deurstreep en dit is weer Maandag.

Jy leer dat vryheid sonder grense, sonder struktuur, 'n teelaarde raak vir ledigheid en 'n doellose bestaan. Jou identiteit gooi 'n stuip trekking; jou werk/loopbaan en titel is weg. Woorde ontbreek om sinne te maak oor jou nuwe seisoen en doel van menswees. Titels verstryk, maar doelgerigtheid is die baadjie wat ons aanhou totdat ons kom haal word en nie 'n vasjas (*straight jacket*) wat jou minimaliseer nie.

Vryheid nou is nie 'n groen vlag nie, maar eerder 'n geleentheid om steeds met doel te lewe, tot eer en verheerliking van die Here.

Jou nuwe seisoen vra herstrukturering fokus om jou identiteit (sonder titel) vas te maak, om ook in hierdie fase lewensvreugde, vrede en liefde te ervaar. Dit beteken 'n voortsetting van geestelike waardes, betekenis en 'n verdieping in die verhouding tussen my en die Vader in 'n ander omgewing (nie werk nie). Op hierdie manier word ek 'n bruikbare instrument, buite my titel: die klei van die Pottebakker, om Sy wil en Sy plan met gehoorsaamheid en onderskeiding te volg. Ek deel die volgende in Fairley Ledgerwood se eie woorde:

"Time needs structure, identity needs rewriting, relationships need renegotiation, health needs daily attention, money needs honest check-ins, busyness can hide loneliness, purpose is built not bestowed, stuff mirrors your story, ordinary days can be holy, and you carry yourself wherever you go have turned out to be less like warnings and more like trail markers. Follow enough of them, and the path gets friendlier. The coffee tastes better because you're not racing it. The dog's leash feels like a thread back to the world. You remember your neighbor's name without panic. You fall asleep with a day that felt lived, not just survived. Freedom, I'm learning, isn't the absence of limits."

Ons nooi elkeen uit om deel te kom word van Lewende Woord se Senior Bediening, waar hierdie beginsels gevier en geleef word!

Vrede en seën

Elaine Prinsloo

Selnommer: 083 626 1137



Redeeming LOVE

Telos

Ministry for abused woman and children

DIE SAFE HOUSE:

'N TUISTE VAN HOOP EN HERSTEL

Die Safe House het sy eie unieke uitdagings, elke vrou wat instap, bring haar eie storie, haar eie seer en haar eie manier om dinge te hanteer. Tog bly dit vir my 'n groot voorreg om deel te wees van hierdie vroue se lewensreis.

Wanneer 'n mens soms terugstaan van die fisiese realiteit, die uitbarstings, die tranes, die woede en die verwyte, besef jy net watter genade dit is om 'n veilige plek te hê waar 'n seer vrou net kan wees. Hier mag sy asemhaal, haar stukkies bymekaarmaak en dit aan Jesus oorgee. Dit is 'n heilige ruiltransaksie: haar pyn vir Sy skoonheid, net soos die Woord belowe.

Hierdie kwartaal vier ons met groot dankbaarheid die lewens van twee pragtige vroue. Hulle het Jesus gekies, en Hy het hulle op wonderbaarlike maniere aangerak en getransformeer. Beide het besluit om hulle te laat doop, 'n teken van hul nuwe begin en die pad van oorwinning wat voorlê.

Die een meisie is gereed om 'n nuwe hoofstuk te begin; sy het reeds werk en blyplek wat vir haar wag. Die ander een vertrou die Here vir haar volgende stap. Sy het 'n groot liefde vir die natuur en vir blomme — iets wat herinner aan haar tyd toe sy in 'n blommewinkel gewerk het.

Ons wil jou nooi: as jy op jou hart voel om 'n vrou 'n kans in die lewe te gee, deur werk, mentorskapsgeleenthede of net ondersteuning, kontak gerus vir ons. Saam kan ons die Here se liefde sigbaar maak in die praktyk van elkedagse genade.



Loving people back to life

FONDSINSAMELINGS

REDEEMING LOVE NPC

As 'n nie-winsgewende organisasie moet Redeeming Love voortdurend sorg dat daar finansies beskikbaar is om ons projekte aan die gang te hou. Daarom is fondsinsamelings 'n belangrike deel van ons bediening.

Eerstens wil ons 'n groot dankie sê aan elke persoon en besigheid wie se harte oop is vir Redeeming Love. Julle betrokkenheid, tyd en ondersteuning maak ons werk moontlik!

Die afgelope kwartaal het ons 'n groot fondsinsameling gehou met die hulp van Rosestad, en verskeie besighede het mekaar uitgedaag en mildelik bygedra, ons waardeur dit opreg.

Daar lê ook opwindende dinge voor! Ons beplan 'n Padel-kompetisie waar besighede teen mekaar kan meeding, 'n prettige manier om spanbou en gee saam te kombineer. Ons nooi graag alle maatskappye uit om deel te neem en ander uit te daag!

Verder het ons die afgelope kwartaal verskeie skenkings van toiletware en klere ontvang. 'n Hartlike dankie aan elke individu en onderneming wat hul harte oopgemaak het, julle geskenke maak 'n werklike verskil in mense se lewens.

Vir die komende jaar beplan ons ook 'n golfdag, en ons sien uit daarna om weer saam met ons gemeenskap te bou en te gee.

Enige persoon wat wil help met fondsinsamelings of betrokke wil raak, kan asseblief Liezle by 082 500 2223 kontak vir meer inligting.



Die onsigbare arbeid wat ma's verrig veroorsaak dikwels dat hul geestesgesondheid daaronder ly.

Met elke Kruismammas-byeenkoms ontdek ons die waarde van ondersteuning en vriendskap om ma-wees makliker te maak.

Dit is 'n plek waar ons eerlik kan wees, saam leer en mekaar herinner dat ons nie alleen is nie, glo Elizma Kriel, kinderbedieningsleier by Lewende Woord.

"Ons het dit daarom goed gedink om Teniel Vorster, 'n voorkomskonsultant, en Leandri van den Berg, 'n borsvoedingskonsultant en mamma, te kry om met die Kruismammas te gesels."



KRUISMAMMAS

wil ma's se hande sterk maak

Teniel het gedeel hoe belangrik dit vir vroue is om gemaklik en selfversekerd te voel in wat hulle dra. Die regte kleure en klere kan help dat elke vrou die beste weergawe van haarself uitleef.

Leandri het onderstreep hoe noodsaaklik dit is dat mammas tyd maak om na hulself om te sien, rus in te bou en balans te vind.

Kruismammas ontmoet elke tweede Donderdag. Sluit by ons aan, want hier word die onsigbare arbeid wat jy verrig raakgesien en waardeer. Kontak



Kontak Elizma by 082 773 4103.

KRUIS KIDZ WAR ROOM

**MAATS, TEL JOU SWAARD OP EN BID!
BY KRUISKIDZ HET ONS AS SOLDATE IN
GOD SE WEERMAG DIE AFGELOPE PAAR
WEKE OP 'N "GEHEIME SENDING"
VERTREK!**

**KINDERS HET MET GROOT OPWINDING
DEELGENEEM AAN KRUISKIDZ SE WAR
ROOM-REEKS –
GEBED IS ONS KRAGTIGSTE WAPEN!**



Volgens Elizma Kriel, kindersbedieningsleier, wou die Kruiskidz-span, vir kinders leer dat gebed is nie net woorde nie. Dit is 'n wapen, 'n plan, 'n plek waar jy met God kan praat.

"Ons het geleer Daniël het altyd eerste met God gepraat, Hanna het haar hart ontbloot, Jesus het die woord as 'n swaard gebruik, en Ester het vasgehou aan gebed. Hierdie voorbeelde het kinders gehelp verstaan hoe gebed 'n kragtige wapen kan wees in hul eie lewens. Hulle het gebedsbokse gevul, verse geleer en geleer om met moed en dankbaarheid tot God te bid."

Elizabeth Fichardt, 'n mamma van drie, sê: Dit het 'n verskil gemaak in my kinders se lewe hulle weet nou hoe om te bid, God te vertrou en dankie te sê. Ons LOVE die kinderkerk!" By Kruiskidz glo ons 'n kind wat bid, is 'n kind wat die wêreld kan verander.

**Vir meer inligting kontak vir
Elizma by 082 773 4103.**



Erkenning & Waardering van Jong Volwassenes

WORTH IT *Geleentheid*




Ek het jou lief. Ek waardeer jou. Jy het die potensiaal om groot dinge te bereik.

Dit was maar van die boodskappe wat gr. 6- en gr. 7-leerders eerstehands by hul ouers kon hoor tydens X-Factor se Worth it-seremonie.

“Navorsing het bewys dat 'n gebrek aan 'n gesonde basis van waardering en motivering deur ouers pyn, gebroke verhoudings, verbroude geleenthede en verwoeste lewens kan veroorsaak. Daarom wou ons 'n geleentheid skep wat leerders kon hoor dat hulle waardevol,” sê Elizma Kriel, kinderbedieningsleier by Lewende Woord.

Die saal het sprokiesmooi gelyk en die “bome”-tema het die boodskap tuisgebring dat as jou wortels stewig geanker is, jy in jou volwasse lewe sal groei. Die gaste is getrakteer op 'n heerlike ete en die seremonie en individuele wegbreekkomblikke van elke gesin was baie spesiaal.

“As ouers is ons dankbaar vir Lewende Woord Bloemfontein wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het en die reis na volwassenskap, saam met ons seuns én dogters, een van vrede, liefde en diepte in Christus maak,” sê Luco Crispin wie se seun, Ben-Otto, deel was van die spesiale aand. “Dit was inderdaad worth-it.”





Reach Projek – Uitreik en Ondersteuning

Reach bereik talle minderbevoorregte kleuterskole in en buite Bloemfontein omgewing. Ons ondersteun ook gesinne in die gemeente deur kospakkies te voorsien om hulle deur die maand te help. Dankie aan al die spanne wat betrokke is en verseker dat alles glad verloop!

Projekte vir die jaar



SKOLE & BABAHUIS

Reach voorsien daaglik Start Well se gebalanseerde ontbyt pap aan kinders by 11 skole en Babahuis, deur maandeliks emmers pap te skenk. Hierdie maaltyd is vir baie van die kinders hulle enigste ete vir die dag. 'n Klein gebaar, maar met 'n groot impak.

UITREIKPROGRAM IN HILTON

Ons span beplan ook verskeie uitreike in Hilton en nooi jou om saam te kom dien. Jy kan betrokke raak deur:

- Saam met die span uit te gaan na mense op straat
- Broodjies en iets om te drink uit te deel
- Geskenkpakkies vir vroue saam te stel (met basiese toiletware)

Kom wees die hande en voete van Jesus in ons eie gemeenskap. Selfs die kleinste bydrae maak 'n groot verskil!

LANGENHOVENPARK

Mannegebed

Langenhovenpark Mannegebed is 'n inisiatief wat manne van verskillende kerke en agtergronde byeenbring om saam te bid – een keer per maand, op die Spitskop-koppie langs die Langenhovenpark-mark.

Die eerste byeenkoms het in September plaasgevind. Manne het saamgestap, saam gebid en saam geglo dat God deur gebed verandering bring, in hul eie lewens, hul gesinne, hul gemeenskap en hul stad.

Die geleentheid is nie aan 'n spesifieke kerk gekoppel nie. Dit gaan oor eenheid, geloof en gehoorsaamheid. Dit gaan oor manne wat opstaan en sê: "Ons sal bid." Gebed bring verandering.

Kom wees deel van die verandering!



WEES DIE DRAAIPUNT

SPITSKOP KOPPIE - HOEK VAN BOERNEEF EN ETIENNE LE ROUX STR **22 NOVEMBER 2025 | 05:00**

PÉTRA *Projek*

Ons het die voorreg gehad om die afgelope seisoen op verskeie fronte opknappwerk te doen en veranderings aan te bring. 'n groot deel van die fokus is op die ingangsportaal, asook die koffiewinkel-area.

Ons behoort eersdaags die volle voordeel van die nuwe ingangsportaal te beleef wanneer die ontvangs-toonbank en dekor geïnstalleer word. Ons kon die klanktoerusting uit die ingang skuif na 'n minder opsigtelike en meer effektiewe spasie agter die ingangsportaal se muur. 'n groot dankie aan elkeen wat by die uitleg betrokke was!

Die koffiewinkel is nou gereed om vir sy doel ingerig te word: ons droom van 'n koffiewinkel met tafels en stoele, waarby mense voor en na dienste en deur die week in werksure kan kuier en iets bestel om te eet. Die idee is 'n Christelike kuier-omgewing wat verhoudings, bediening, berading en 'n geestelike atmosfeer ten doel het.

Intussen het ons pas begin om die kerk se klank op te gradeer na 13 jaar se gebruik van die huidige luidsprekers. Die nuwe sisteem behoort om baie jare te dien, aangesien die kwaliteit en installasie van goeie gehalte is. Saam met die klank gee ons ook vir die eerste maal aandag aan estetiese beligting binne die fasiliteit. Die beligting sal die visuele belewenis en beligting vir opnames in die kerk goed doen!


Op die grasgroen terrein dui die nuwe randstene duidelike parkeerlyne aan, terwyl die aanwysingsborde verkeer help vloei na die fasiliteite. Ons begin ook eersdaags met tuin-uitlegte wat ons besoekers met meer kleur sal verwelkom!

Baie dankie aan elkeen wat hierdie verbeterings moontlik maak! 'n gemeente se tuisadres is soos 'n veilige hawe. Dit bly die plek waarheen ons elkeen verkies om terug te keer vir rus, herstel en om aangevul te word vir ons volgende reis!


Blessings!
Neville



KOFFIEWINKEL



INGANGSPORTAAL



KONTAK NEVILLE GOODCHILD BY 072 368 3737 INDIEN U BETROKKE WIL RAAK

BANKBESONDERHEDE
LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN | BANK: FNB | TAK: 25 00 51 | REKENINGNOMMER: 6236 00 727 81

BRIEF AAN DIE *Gemeente*



Neville Goodchild

In 'n seisoen van groot internasionale gebeurtenisse, radikale skuiwe na liberale denke en ons eie regering se pogings om Suid-Afrikaanse kerke te reguleer, is dit nodig om te fokus op die kern, kruks en kroon van ons Christenskap.

Om perspektief te behou, moet ons gereeld die onbeweeglike Rots en onveranderlike Waarheid voor oë hou – slegs dán sal ons in wysheid kan wandel en van heerlijkheid na heerlijkheid kan groei!

Ek deel 'n paar van die Woord-skatte en vrymakende waarhede waarmee ek myself rig wanneer die vyand my fokus probeer verskuif na alles wat in ons wêreld gebeur.

Eerstens: Ons verlossing is in die afgehandelde werk van Jesus Christus, en nie in iets wat nog móét gebeur, of in een of ander reëling of realiteit wat hopelik moet realiseer nie! Dis in die onbeweeglike karakter van God en die sukses van die kruis. Ons deelname is in geloof en deur genade! Niemand en niks kan dit verander nie. Dit beteken dat die veranderende wêreld jou omgewing kan beïnvloed, maar nooit jou redding, hoop of God se liefde vir jou nie.

Tweedens: God se Woord kan nie ledig terugkeer nie, maar moet alles doen waartoe dit uitgestuur is! (Jes. 55) Dis wél so dat ons in onstuimige en veranderende tye leef. Dis sekerlik waar dat wát ons aanskou, tekens is van die naderende wederkoms van Jesus. Dis waar dat Christenskap toenemend uitgedaag en Christene gemarginaliseer sal word. Die Woord is egter in ons harte en op ons lippe! Ons verteer die Woord en leef uit die Woord. Wat hierdie wêreld nooit kan verander nie, is God se Woord. Voed jouself met Sy Woord, bestudeer Sy Woord, leef Sy Woord, en 'n groot deel van jou wêreld sal stabiel, voorspelbaar en gerig wees in hierdie seisoen!

Dan skryf Johannes in 1 Joh. 4:5: "Alles wat uit God gebore is, sal hierdie wêreld oorwin!" Een van die ankers van ons hoop is dat God ons toegelaat het om die uiteinde van alles vooraf te kan weet: ons het reeds die laaste hoofstuk gelees! En... Hy regeer verewig, en ons saam met Hom! In Hom het ons die versekering, en alles wat ons nodig het om goddelik te leef! Hy het ons reeds in staat gestel om te heers!

Die kern van ons Christenskap is Christus en Sy Koninkryk – nie ons eie voordeel nie. Die kruks van ons geloof is ons insluiting in Hom – nie ons sukses, seëninge en sekuriteite nie. Die kroon vir ons toewyding en dienswerk is 'n siele-oes! En daardie kroon gaan ons voor Hom neerwerp in erkenning dat nét Hy waardig is!

HEBREËRS 12:1-2

"DAAROM DAN, TERWYL ONS SO 'N GROOT WOLK VAN GETUIES RONDOM ONS HET, LAAT ONS OOK ELKE LAS AFLÊ EN DIE SONDE WAT ONS SO MAKLIK OMRING, EN MET VOLHARDING DIE WEDLOOP LOOP WAT VOOR ONS LÊ, DIE OOG GEVESTIG OP JESUS, DIE LEIDSMAN EN VOLEINDER VAN DIE GELOOF, WAT VIR DIE VREUGDE WAT HOM VOORGEHOU IS, DIE KRUIS VERDRA HET, DIE SKANDE VERAG HET EN AAN DIE REGTERKANT VAN DIE TROON VAN GOD GAAN SIT HET."